

Kommunikasie uit die Raad

Die eerste geskeduleerde Raadsvergadering van 2015 het op 4 Mei 2015 plaasgevind. Dit was ook prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, se eerste Raadsvergadering van sy ampstermyn wat op 1 April 2015 begin het. Vanuit die Rektorsamp het beide prof De Villiers en prof Leopoldt van Huyssteen, Waarnemende Rektor en Visekanselier vanaf 28 Junie 2014 tot 31 Maart 2015, vandeeweek aan die Raad verslag gedoen.

Goedkeuring van jaarverslag en finansiële state vir 2014

Die Raad het die jaarverslag en die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir 2014 op aanbeveling van die Oudit- en Risikokomitee goedgekeur. Die Raad het ook kennis geneem van die positiewe eksterne auditverslag. Prof Prieur du Plessis, Voorsitter van die ORK het sy waardering teenoor die Afdeling Finansies uitgespreek vir hul uitnemende werk.

Akademiese programaanbod

Die volgende nuwe akademiese programme is op aanbeveling deur die Senaat deur die Raad goedgekeur: MPhil (Minimale Toegang Ginekologiese Chirurgie); Hoër Sertifikaat in Klanktegnologie; Nagraadse diploma in Filmmusiek; MPhil (Filmmusiek); MPhil (Ontwikkelingsdemografie); PhD (Stedelike en Streekwetenskap); Nagraadse Onderwysertifikaat in Verdere Onderwys en Opleiding; MSc (Voedsel- en Voedingsekerheid); Nagraadse diploma (Agronomie); Diploma (Volhoubare Ontwikkelingsbestuur en – beplanning); Gevorderde Sertifikaat in Besigheidsbestuur en Administrasie; B in Verpleegkunde en Verloskunde; Nagraadse Diploma in Verpleegkunde (Beroepsgesondheid); MPhil in Geestesgesondheid van die Baba; MPhil in Kankerwetenskap; M in Verslawingsorg; M in Voeding in Openbare Gesondheid; en MSc in Biostatistiek.

Loopbaanvordering van vrouewerknemers

Die werk van die taakspan is afgehandel en sal by die Rektor se bestuursvergadering en die Menslike Hulpbronnekomitee van die Raad dien voordat dit by die Junie-vergadering by die Raad bespreek sal word.

NSFAS-befondsing

Die UK(R) het die Raad meegedeel dat lede kennis geneem het van die problematiek rondom NSFAS-befondsing en dat voorgestelde aksies van die RBS ondersteun word. Die US kan in die toekoms minder fondse van NSFAS verwag, en aangesien die meeste BSI-studente afhanklik is van finansiële hulp, sal dit groter druk plaas op ondersteuningsfondse. Die US het in 2014 altesame R588 miljoen aan beurse bestee, waarvan 55% aan BSI-studente toegeken is. Aangesien dit nie vir die US moontlik is om hierdie bedrag uit eie fondse verder te vergroot nie, sal daar vindingryke wyses gevind moet word om uit die derde geldstroom beduidend meer fondse te bekom. 'n Verhoging in deursoeke kan die druk op ondersteuningsfondse verlig en fakulteite sal hierin 'n sleutelrol moet speel. Die US sal verdere gesprekke met NSFAS voer en ook versoek dat HESA verskillende probleemareas sal opklaar en aan alle tersiêre instansies verslag doen.

US Woordfees

Die Rektorsverslag het spesifieke melding gemaak van die groot sukses van die 16de US Woordfees. Kaartjieverkope en bywoningsyfers het met 30% gestyg en borgskappe en skenkings vir die Woordfees en die WOW-program het van R7 miljoen na R11 miljoen toegeneem. Die Woordfees is 'n groot finansiële inspuiting vir die dorp en het vanjaar met talle nuwighede gespog. Die feesterrein is herbeplan; 'n kontantlose omgewing is geskep; daar was 'n groter aanbod van WOW-projekte tydens die fees, en aktiwiteite is uitgebrei na die Breughel Teater in Cloeteville en Amazink in Kayamandi.

Inskrywingsbeplanning

In die Rektorsverslag is die Raad ingelig oor die nuweling-eerstejaarsyfers soos bereken na die finale registrasieperiode in 2015. BSI-inskrywings oorskry die teiken met 5,6%, maar aangesien daar ook 'n toename in wit studente was, het die BSI-inskrywings as onderdeel van die geheel met 1,1% gedaal.

Nuweling-eerstejaars 2011 - 2015

Jaar	Wit studente	BSI-studente
2011	3497	1201
2012	3105	1085
2013	3162	1462
2014	3410	1848
2015	3602	1854

Alle voorgraadse inskrywings 2011 - 2015

Jaar	Wit studente	BSI-studente
2011	12 717	4270
2012	12 545	4378
2013	12 374	4885
2014	12 435	5636
2015	12 691	6287

Sedert 2011 was daar 'n volgehoue styging van 8% in die BSI-persentasie van alle voorgraadse inskrywings.

Studentesukses

In die Rektorsverslag is uitgebrei oor die rol van die Eerstejaarsakademie in die US se konstante eerstejaarretensiekoers van 86%-87% die afgelope nege jaar ondanks probleme in die skoolstelsel. Die Eerstejaarsakademie lewer ook 'n belangrike bydrae tot die sukseskoers van sommige BSI-studente en diegene in verlengde graadprogramme, danksy sterk institusionele en sistemiese ondersteuning om swak matriekpunte te oorkom.

Die US se mentorprogram trek ook internasionaal aandag. Dit is waarskynlik dié uitgebreidste program in terme van deelname in Suid-Afrika. Ongeveer 700 senior studente bied aan sowat 4 000 eerstejaarstudente psigososiale mentorondersteuning en – ontwikkeling. Resultate dui daarop dat

dit 'n positiewe uitwerking het op nuweling-eerstejaars sse aanpassing, inskakeling en akademiese sukses.


Geboue-name, simbole en beelde

Teen die agtergrond van onlangse gebeure op kampusse in Suid-Afrika het die Raadsvoorsitter 'n gesprek oor geboue-name, simbole en beelde aangevra. Prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor: Leer en Onderrig, het die Raad ingelig oor die Gebeurlikheidskomitee wat aan die saak aandag gee en gesprekke wat reeds aan die gang is met verskillende studentegroepe na die Menswaardigheid-optog op 6 Maart 2015. Die Raad ondersteun die bestuurstandpunt dat gesprekke oor transformasie aan die US via die Studenteraad (SR) gevoer behoort word, aangesien die SR se rol as 'n statutêre liggaam in die Statuut van die US vasgelê is. Daar sal by die volgende Raadsvergadering oor vordering verslag gedoen word.

Bestuursrapportering: Navorsing en Innovasie

Die viserektore doen by verskillende Raadsvergaderings breedvoerig verslag oor hul onderskeie verantwoordelikhedsentra. Hieronder volg enkele skyfies met interessante inligting oor die US se navorsingsuksesse uit prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing en Innovasie, se aanbieding by die Raad.

Kundigheidsbasis/ Human resources



Postdocs (R50 million per annum)

108 international post docs

Young academic stars:

- 12 NRF Research Career Advancement Awards (R3 million /annum)
- 9 Consolidoc awards (R1,5 million)
- 60 Mellon Early Research Career awards (MERC) (R5,3 million)
- 5 Andrew W Mellon appointments (R 6 million)



Kundigheidsbasis

Human resources

ACADEMIC STAFF




62%
of our academic staff
have a PhD degree



Staff that retire over
the next 5 years

TOTAL NUMBER OF NRF RATED SU ACADEMICS




A-Rated researchers



Geborgde Navorsingsleerstoele (2015)

Endowed Research Chairs (2015)



9 new Endowed Chairs since 2012

New endowed chairs – 2015 target

- 3 x SARCHI
- L'Dreal (Science)
- UNESCO (Humanoria)
- Sport Medicine (Medical and Health Sciences)
- ETDIP – SETA (Youth unemployment)
- Bioinformatics (Science/Agric/MHS)
- Chinese Studies (Humanoria)
- Environmental legislation (Law)
- Fraunhofer (Engineering/Science)
- 3x Chairs in USB and Economic and Management Sciences
- CSIR Chair in Physics (Science)



Derdegeldstroominkomste

Third stream income

SU has international
research collaboration
with around
210
international partners
from more than
60
different countries.



> 100 % increase since 2012

25% of Third stream income from international sources

Internasionalisering Internationalisation

SU's joint and double degree agreements



- University of St Andrews, Scotland
- Ecole Nationale Supérieure des Mines de Saint Etienne, France
- Universitat de Barcelona, Spain
- Vrije Universiteit Brussel, Belgium
- Friedrich-Schiller Universität Jena, Germany
- Universität Leipzig, Germany
- Vrije Universiteit Amsterdam, The Netherlands
- ALMART Consortium: Université Bordeaux I, France
- Central Mathematical Institute, India
- Universiteit Leiden, The Netherlands
- Università degli Studi di Milano, Italy
- Concordia University/CWISSEM, Canada
- Università degli Studi di Padova, Italy
- Université Paris Sud 11, France
- Stellenbosch University/SAMS, South Africa
- Georg-August Universität Göttingen, Germany
- Karolinska Institutet, Sweden
- Makerere University, Uganda
- Universiteit Antwerpen, Belgium
- KU Leuven, Belgium
- Université Jean Monnet, France
- Université de Rouen, France
- Université Bordeaux Segalen, France
- Universidade Federal de Ouro Preto, Brazil
- Radboud University Nijmegen, The Netherlands

Internasionalisering Internationalisation



330
registered
active
collaborative
projects in

38
African
countries with


513
Collaborators

Navorsingsuitsette/ Research outputs

Viserektor Navorsing en Innovasie toekenning vir uitnemendheid (2014)



Total number of publication units



Weighted research output per full-time staff member


2013: 3.08 (first in SA)
2014: 2.97 (first in SA)




Nagraadse studentesukses

Post graduate student success

PROFILE OF POST-GRADUATE STUDENTS AT SU



PROFILE OF MASTER GRADUATES






>10 000 postgraduate students make up 35% of the total student body

Nagraadse studentesukses

Post graduate student success

TOTAL NUMBER OF DOCTORAL STUDENTS



50 Doctoral degrees awarded to African candidates

Internasionale Ranglyste

International ranking

SU has taken its place as one of the top-20 universities in emerging economies. SU moved up four places and is currently ranked 17th in the Times Higher Education BRICS & Emerging Economies Rankings 2015

International ranking

	2012	2013	2014
QS World University Rankings	401-450	387	390
Times Higher Education World University Rankings	251-275	301-350	276-300



- | | |
|-------------------------------|--|
| 5. Broader economic benefits. | <ul style="list-style-type: none">• Wider economic benefits from commercial exploitation of innovations arising from R&D.• Subsidy income from the Department of Higher Education (DHET). |
|-------------------------------|--|



INNOVUS

- 28 Licence agreements signed in 2013-2014
- Disclosures
- 33 (2013)
 - 39 (2014)
 - 13 to date (2015)
- New companies!
- Vulamanz (Dr Lingam Pillay)
 - Custos (Prof Gert-Jan van Rooyen, Dr Herman Engelbrecht, Frederik Lutz)
 - Synsurf (Prof Johan Smith, Prof Johann van Zyl, Prof Pieter van der Bijl)
 - LaunchLab



Volgende Raadsvergadering

Die volgende Raadsvergadering is vir 22 Junie 2015 geskeduleer.